



Presidente vanjaar by mooi Klipdraai, kom kamp vir seker!

Kyk na die foto's en besluit vir jouself

“Ek kan die nuwe oord waar die Presidente-saamtrek vanjaar gehou word sterk aanbeveel. Ons het Klipdraai na afloop van die oop NUB Saterdag besoek en is baie beïndruk met die ablusie-geriewe en fasiliteite soos swembaddens (warm en koud), mini-gholfbaan, jukskei- en vlugbalbane, mooi tuine en staanplekke. Alles is nuut en modern en 'n yslike verbetering op Potchdam waar verlede jaar se Presidente gehou is.”

So het Hennie Ferreira, voorsitter, aan Kamp-xtra gesê en vervolg:

“Ek nooi elke Kiepersoller vriendelik uit om by die Presidente-saamtrek te kom kamp. Om vir R150 per nag oor die Paasnaweek by so 'n mooi oord te staan is uitstekende waarde vir geld.

“Dis nie ver nie (100 km van Centurion) en al die pad snelweg. Dis in Meyerton langs die Kliprivier geleë en daar is 'n mooi klompie wild ook.

“Dis 'n lekker saamtrek waar 'n gesonde balans tussen pret, plesier en die godsdienstige aard van die

naweek gehandhaaf word. Daar word besondere aandag aan die Paasgebeure gegee sodat hierdie belangrike saak sterk beklemtoon word. Ek hoop dat Kiepersol soos altyd goed verteenwoordig sal wees.”

Vanjaar se Presidente-saamtrek sal vir die 30ste agtereenvolgende jaar plaasvind. Diegene wat die naweek nog langer wil maak kan al vanaf die 3de April by Klipdraai gaan kamp.

Klem is by die oop NUB daarop gelê dat dit omtrent die enigste geleentheid is waar fondsinsamelingsaksies vir die nasionale kas kan plaasvind.


Die Presidente is 'n tradisie wat dertig jaar oud is. Lewenslange vriendskappe is al by hierdie besondere geleentheid gesmee en tradisioneel is dit een van die belangrikste gebeure op die Sawa-kalender.

“Kyk gerus na die foto's wat Saterdag by Klipdraai geneem is en bespreek plek by Sawa-kantoor: 011 918 0699.”

Daar word ook getrou en konfereensies gehou



Voor die kapél



Daar is twee swembaddens, warm en koud

Die netheid van die oord val 'n mens op

Nog foto's op die volgende bladsy



Mooi uitgelegde mini-gholfbaan

Hier is wat jy moet doen om te bespreek

Paasnaweek vanaf 5 tot 9 April 2012
Voorafkamp vanaf Dinsdag 3 April
Plek: Klipdraai (Meyerton)

Tarief: R150 per nag
Bespreek by Sawa-kantoor: 011 918 0699
ABSA Boksburg 230 155 771


Vergeet van jou sorge Paasnaweek by Klipdraai



Nuwe, moderne ablusie-blokke



Dis duidelik waar die vrou en mans se badkamers is




Teëls op vloere en teëls en spieël bo wasbakke



Daar is 'n warm en koue swembad



Beeld van 'n luiperd in die tuin



Spuifonteine helder die landskap op



Geplaveide pad by die ingangshek



Berigte en foto's deur Johann Lemmer

Hennie by die netjiese kragpunte (276)



Sagte sand vir vlugbal- en jukskeibane



Oral is braaiplekke aangebring



Staanplekke meestal gelyk met grasperke



Wildebeste en kleiner boksoorte